# Welkom by NG Universiteitsoord



**Welkom by NG Universiteitsoord**
**– 'n gemeente vir studente, deur studente!**

Baie geluk! 'n Hele nuwe seisoen begin vir jou — en ons is ongelooflik opgewonde om saam met jou hierdie reis te stap. Universiteitsoord is nie net 'n kerk nie — dis 'n plek waar studente saam 'n geloofsfamilie vorm, waar jy kan groei, vrae kan vra, nuwe mense kan ontmoet en deel kan word van iets groter.

Ons is 66 jaar gelede gestig vir studente, en steeds is dit ons roeping: **om vir jou 'n geestelike tuiste te wees – 'n plek waar jy kan asemhaal, geloof kan bou en mense kan kry wat jou raaksien.**

Hier ontdek ons saam 'n God wat ruim, liefdevol, kreatief en genadig is. 'n God wat elke mens insluit en gebruik — mét jou unieke storie, vrae, talente en drome. Hier is jy deel van 'n veelkleurige gemeenskap wat mekaar dra, uitdaag en vier.

Op die eerstejaarskamp gaan jy dit eerstehands ervaar: gemeenskap, geloof, musiek, lag, sokkie, gesprekke wat saak maak, en 'n span wat regtig omgee.

**En dit is net die begin…**

Ons nooi jou uit: kom beweeg saam met ons deur 2026 se preekreekse, selgroepe, worship-aande, uitreike, studiesessies, sokkies, kaskar, pretdraf, kuiergeleenthede en alles tussenin. Hier kan jy ontdek wie jy is, wie God is — en hoe jou lewe 'n verskil maak.

Mag hierdie nuwe seisoen van jou lewe vir jou **betekenisvol** wees — vol **groei en vol nuwe ontdekkings**. En mag Universiteitsoord die plek wees waar jy kan voel: ***"Hier kan ek wees. Hier kan ek groei. Hierdie is my tuiste weg van die huis. Hier kan ek behoort en beweeg."***

Welkom by die familie. 🌿✨














## Ons Dominees



**Ds Anuschka Smit**
Studenteleraar
*Dagstudente | Amicus*



**Ds Christian Oberholzer**
Studenteleraar
*Koshuisstudene | Meraki*



**Ds Arno Meiring**
Tuisgemeente
*Jongvolwassenes | Medius*

UNIVERSITEITSOORD




## MEER INLIGTING

linktr.ee/universiteitsoord

## KONTAK ONS

**Kerkkantoor:**
066 408 0909
kantoor@unio.co.za
**Maretha Minnaar**
Finansies & Admin
**Maryna Enslin**
Bemarking & Kommunikasie

**Predikante:**
**Arno Meiring**
Tuisgemeente
082 807 4530
arno@unio.co.za

**Anuschka Smit**
Amicus - Dagstudente
072 599 0695
anuschka@unio.co.za

**Christian Oberholzer**
Meraki - Koshuisstudente
082 349 7317
christian@unio.co.za



## DIENSTYE

Sondae 09:30 & 19:00

## ADRES

Duxburyweg 105, Hillcrest, Pretoria, 0083

*Is jy uitstedig?*
**volg ons dienste op**
YouTube

www.universiteitsoord.co.za/preekopnames

## DANKOFFERS

NG Gemeente Universiteitsoord
ABSA
Tjekrekening
Takkode 632005
540 580 006

SnapScan

www.universiteitsoord.co.za